Familie Tuisblad

2 Julie 2023

1 Begin hier

Suze is 'n baie bekende persoon wat mense help om goeie besluite oor hulle geld te maak. Sy vertel dat toe sy 'n klein dogtertjie was, was haar pa 'n winkelier. Hulle het nie baie geld gemaak met die winkel nie, maar hulle kon oorleef. Een dag was daar 'n brand by die winkel en Suze onthou hoe haar pa by die winkel ingehardloop het om die kasregister te gaan kry, want dit was die enigste geld wat hulle gehad het. Die metaal van die kasregister was al vuurwarm van die brand en dit het sy hande baie erg gebrand. Die rook van die vuur het ook skade aan sy longe veroorsaak.

Suze vertel dat hierdie storie haar as dogtertjie geleer het dat geld belangriker as enige iets anders is en dat sy baie jare lank so gelewe het. Vandag weet sy dat geld nié die belangrikste ding is nie.

Vroeg in die Bybel kry ons die storie van Abraham en sy vrou, Sara, wat lank gesukkel het om kinders te kry, al het God belowe dat hulle 'n groot nageslag sal hê. Later sê God vir Abraham om sy enigste seun, Isak, te gaan offer.

Hierdie word 'n storie waar God sy mense help om keuses te maak wat vir God as die belangrikste in hulle lewe stel - want Abraham kies om gehoorsaam te wees. Gelukkig gee God betyds vir hulle 'n skaap, sodat dit nie nodig sal wees om Isak te offer nie.

2 Lees

Genesis 22:1-14

3 Gesels

- Ek wonder hoe Abraham gevoel het toe hy hoor dat God vir hom vra om sy enigste seun te gaan offer?
- Ek wonder hoe Abraham en Isak gevoel het toe God vir Abraham keer om vir Isak te offer en hulle die skaap in die bosse sien?
- Watter dinge maak jy soms belangriker as vir God?

4 Bid

Here Jesus, dankie dat U na ons toe gekom het om te wys dat God vir ons uitkies. Help ons om so saam met U te leef. Amen

5 Doen

Gelowiges het oor baie eeue van iets gevas wanneer hulle wou fokus op God en oefen om vir God te kies. In die Bybel se tyd sou hulle ophou om sekere soorte kos te eet en selfs glad nie eet vir 'n dag of wat nie. Wanneer hulle dan honger raak of lus word vir iets, sou dit hulle herinner om te bid.

Waarvan kan julle hierdie week vas?